

**Maandag 3 Oktober**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 1:15-23**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 1:18-19**

### **Verenig onder ons Hoof**

Hoe gereeld bid ons elke dag? Wanneer ons opstaan, by elke ete, voordat ons gaan slaap? Hoe lyk hierdie gebede van ons? In Efesiërs 1:15-23 sien ons dat Paulus 'n dankgebed bid. Dit is opmerklik dat Paulus gereeld in sy briewe vir die gemeente bid.

Paulus dank God hier vir die gelowiges. Hy klop die gemeente nie op die skouer nie, hy wys dat alles genade van God is. Verder bid hy dat die gelowiges drie dinge sal ontvang:

- 1) Wysheid
- 2) Openbaring dat hulle God kan ken
- 3) Insig, sodat hulle hul roeping kan raaksien.

Om God te ken, beteken dat daar 'n verhouding met God moet wees. Al hoe mens daardie verhouding met God kan kry, is deur sy Woord daaglik deeglik te ondersoek en te bestudeer. Sodoende kom ons ook onder die besef van Christus se triomfantelike regering. Hy is die een wat in beheer is en daar is niks wat ons van die liefde van God kan skei nie, selfs nie eers Satan nie (Rom. 8:37-39). Ons hoef dus vir niks te vrees nie. Christus is self ook die hoof van die liggaam wat God gemaak het. Hy is dus die hoof van die kerk.

Paulus gebruik gereeld die beeld van die liggaam. Hierdie beeld leer vir ons dat die kerk 'n eenheid vorm. Omdat Christus, die Hoof, ten volle in beheer is, kan ons en moet ons sonder vrees deur die lewe gaan en saam werk as liggaam om sy koninkryk te laat kom. En wanneer Hy ons in hierdie werk seën, moet ons Hom daarvoor dank en weet dat God waarlik regeer.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2, 3*

*Ds. FG Lee (Hardus) (Derdepoort)*